

17 Junie 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 19

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standpasse
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, kliek op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

## VOORBLAD

### 'n Boodskap vir Jeugdag

In die Kerk word dikwels gepraat oor die probleme van die jeug, en gevra hoe ons hulle meer betrokke kan kry. Maar is daar regtig fout met ons jongmense? Hier is die mening van een van ons finalejaar teologiestudente.

In die verhaal *Fluitspeler van Hamlin* word 'n fluitspeler gehuur om van die dorpie se rotte ontslae te raak. Die gemeenskap wou hom nie betaal vir sy voltooide werk nie, en daarom besluit hy om die gemeenskap se kinders te lok. Hy speel die mooiste, suiwerste klanke op sy fluit, en die kinders dans agter die fluitspeler aan – uit die dorp uit...

Die jeug is 'n rusteloze gehoor (hetsy in die kerk of klaskamer) wat maklik swig om agter die fluitspeler van Hamlin se kleurvolle klanke aan te loop – maar waarheen neem dit hulle? Word hulle meegesleur deur 'n sterk stroom van selfvernietiging, 'n stroom waarvoor hulle nie opgewasse is nie? Of is dit net onskuld, nuuskierigheid en onkunde wat hul doen en late beheer?

Die jeug het maklike toegang tot die wêreld. Bloot met die druk van 'n rekenaarknopkie kan hulle enige inligting (goed of sleg) bekom. Die voordele is eindeloos, maar ongelukkig ontdek hulle ook 'n wêreld wat skadelik kan wees. Dit veroorsaak dat die jeug net meer en meer verwارد raak oor wat reg en verkeerd is en hoe om dit te hanteer. Ouers, die kerk en die breë gemeenskap kan die jeug nie weerhou van versoekings nie, maar dis ons verantwoordelikheid om aan hulle bepaalde vaardighede te leer, sodat die jeug versoekings kan hanteer.

Die rol van ouers in hul kind se lewe verander namate die kind ouer word, maar die rol word nooit werklik minder nie. Aangesien ouers die primêre bedienaaars aan die kinders is, moet die gesin tot die besef geleei word dat elkeen 'n spesifieke en unieke funksie in die gesin, gemeente en samelewing het, om die Christelike godsdienst en kultuur met gehoorsaamheid aan God te hanteer.

Christelike opvoeding begin by die ouers, maar dit stop nie daar nie. Die kerk het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die jeug. Jeugbediening moet nie deur die kerk as addisioneel gesien word nie, dit moet deel vorm van die gemeente se hartklop – die plek waar die jeug se geloof gevorm en versterk word. Die tiener is 'n gevoelswese wat wil beleef en ervaar, en daarom moet ons daarna streef om praktykgerig met hulle te werk.

Die kerk en elke plaaslike gemeente het die taak ontvang om op aarde die teken van die Koninkryk te wees – dit is ons bestaansdoel.

Selfs met al die uitdagings wat die moderne samelewing bied, het die jeug nogtans 'n behoefté aan 'n betekenisvolle verhouding met God, die jeug wil verantwoordelik leef en positiewe waardes nastreef, maar die jeug moet ook die geleentheid gegun word om foute te maak. Die bou van vertrouensverhoudings met jongmense moet dien as die uitgangspunt van enige gemeente – daardeur leef ons die Koninkryk.

Ons veroordeel die *fluitspelers* maklik, deur na hul onbekwaamheid of gebrek aan teologiese kennis te verwys, maar ons moet besef dat daardie *fluitspelers* 'n leemte sien waarvoor die ouers, kerk en gemeenskap te lank blind was.

Jeugbediening sal nie op sy eie kan slaag nie; dit moet gegrond wees in 'n gesonde geloofsgemeenskap. God nooi ons uit om betrokke te raak by die jeug, om hul energie raak te sien en te benut en hul geloof te versterk, sodat hulle nie die behoefté sal hê om na die leë klanke van die fluitspeler te luister nie.

Yolandé Benadé

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Paul Kern

Ds Willem Slabbert

## Beroep ontvang

- **Ds Paul Kern**, beroepafwagtend, na Sannieshof
- **Ds Willem Slabbert**, beroepafwagtend, na Pretoria-Noord (deelsorg)

## PREDIKANTE EN GEMEENTES



Ds Johann Mouton



Ds Oppies Opperman



Ds Frikkie Viljoen

Dr Jaco Beyers

- Dit gaan nie goed met **ds Haas van Rensburg** nie. Hy is opgeneem in 'n inrigting naby Mosselbaai waar hy versorg word. Die Kerk se voorbidding word vir hom gevra.
- **Ds Johann Mouton** van Gemeente Ventersdorp het sodanig herstel na sy lang siekte dat hy weer kan begin werk. Die Kerk en sy gemeente is dankbaar daaroor en bid hom volkome herstel toe.
- Dit gaan ook beter met **ds Stoffel Badenhorst**, emerituspredikant en voormalige voorsitter van die Raad van Finansies, nadat hy weer 'n ligte beroerteaanval gehad het. Hy en sy vrou word seën en sterke toegebid.
- **Ds Oppies (Stefan) Opperman** het verlede week besoek by die Sinodale Kerkkantoor afgelê. Hy sit sy sekuriteitswerk in Afganistan voort vir die volgende drie maande. Ds Opperman bly steeds beroepafwagtend en moet sy huidige werk doen om sy gesin te versorg. Hy beplan om sy volgende verlof so te neem dat hy die Algemene Kerkvergadering (AKV) aan die einde van September kan bywoon.
- **Ds Frikkie Viljoen en dr Jaco Beyers** van Gemeente Verwoerdburg vertrek op Donderdag 17 Junie na Harare in Zimbabwe waar hulle die lidmate gaan besoek, die preekgeleenthede sal waarneem, en ook toerusting aanbied. Ds Frikkie se twee seuns vergesel hom weer. Hulle word voorspoed en sterke toegewens met die besoek. Gemeente Verwoerdburg het die bedrag geld wat maandeliks saamgeneem word, self onder leiding van die twee predikante ingesamel.
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week**, en word hartlik geluk gewens.
  - Vrydag 18 Junie: Dr Elsabé Kloppers en ds Danie Malan
  - Saterdag 19 Junie: Ds Willem Sauer
  - Sondag 20 Junie: Ds Annelie Botha
  - Maandag 21 Junie: Ds Hennie van der Linde
  - Dinsdag 22 Junie: Ds Rudi Schoeman
  - Woensdag 23 Junie: Ds Pietie van Wyk
  - Donderdag 24 Junie: Di Piet Botha en Nico Janse van Rensburg

- **Gemeente Wonderboom** is reeds besig met voorbereidings om die komende AKV te ontvang. Die gemeente het sy lapa se dak vergroot om te verseker dat almal tydens teedrinkgeleenthede onder dak is. Baie moeite word gedoen om afgevaardigdes te laat huis voel.



Dr Hennie  
van Deventer

- Verteenwoordigers van die ADV, die Ondersteuningsraad, die NHSV, die Direksies van Ons Tuis en Monumenttehuise en die administrateur van ons Kerk het op 10 Junie die behoeftes en omstandighede van talle **bejaardes in die Kerk** bespreek. Daar moet dringend, nuut en innoverend oor die saak gedink en beplan word aangesien die probleem van verarming, verwaarlozing en vereensaming baie vinniger as in die verlede toeneem. Daar is 'n totale gebrek aan fondse om nuwe komplekse te bou. Alternatiewe metodes van versorging moet dringend oorweeg word. 'n Loodskomitee onder leiding van **dr Hennie van Deventer** is gevorm, en 'n aksieplan is opgestel. Die eerste stap is 'n **vraelys** wat aan alle gemeentes en organisasies binne die Kerk gestuur gaan word. So sal die omvang van die probleem vasgestel word en bestaande versorgingsmoontlikhede wat reeds in gemeentes bestaan, geïdentifiseer word. Elke gemeente moet asseblief 'n persoon aanwys met wie die Komitee direk kan skakel. Intussen kan dr Van Deventer op uitnodiging by gemeentes optree om oor die saak te praat. Kontak hom by 082 786 8448 of [hennie@otmt.org](mailto:hennie@otmt.org).

- Gemeente Meyerspark** se nuwe e-posadres is [nhmeyerspark@lantic.net](mailto:nhmeyerspark@lantic.net).
- Gemeente Midrand** wil graag borde oprig wat die gesange en psalms kan aandui, maar is op soek na persone wat die kaartjies met die syfers en letters kan maak. Indien iemand weet van 'n plek wat dit kan maak of dalk oor 'n stel beskik wat nie meer gebruik word nie, kontak ds Paula Eksteen by 083 282 5121. Hulle het reeds iemand wat die houtborde gaan maak.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- Gemeente Newcastle** herdenk die naweek van **8 tot 10 Oktober** vanjaar sy 50ste bestaansjaar. Oudlidmate en predikante wat voorheen die gemeente bearbei het, moet asseblief dié datum aanteken.
- Gemeente Volksrust** is die vyfde oudste gemeente in die Hervormde Kerk en vier sy 150ste bestaansjaar oor die naweek van **15 tot 17 April 2011**. Daar is reeds begin met die samestelling van 'n feesprogram en gedenkalbum. Oudlidmate en vorige ampsdraers kan dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente stuur. Kontak **ds Paul Buitendag** by 082 853 8900 of stuur dit per e-pos na [buitendagp@telkomsa.net](mailto:buitendagp@telkomsa.net).
- Gemeente Heilbron** word die naweek van **23 September 2011** 100 jaar oud. Hulle gaan verskeie projekte aanbied, met die hoogtepunt 'n **tradisionele basaar en Nagmaalnaweek** gedurende die naweek van **23 tot 26 September 2011**. Oudpredikante en vorige kerkraadslede en lidmate kan dokumente, foto's, staaltjies of nagedagtenis van die gemeente aan hulle stuur vir moontlike opname in 'n gedenkalbum. Kontak ds Herman Gothan by 058 852 1174, 082 773 4740 of [hfg@risp.co.za](mailto:hfg@risp.co.za).

## Konserте en dames- en mannebyeenkomste

- Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking in Mareetsane-boeresaal**  
Musiekaand met Zak van Niekerk, Thys die Bosveldklong, Jaco Labuschagne van *Idols* en Gerhard Odendaal alias Vaatjie  
Toegang R200 per persoon (ete ingesluit)  
Bespreek by Magda Redelinghuys (082 825 1913) of Adri Dreyer (082 388 2615)

## Kampe en toere

- 21 tot 27 Junie: Gemeente Phalaborwa en Algemene Diakensvergadering (ADV)**  
Kamp vir kinders uit blanke plakkerskampe in en om Pretoria

Avontuurkampterrein nabij Hoedspruit  
Verskeie donasies reeds ontvang  
Kontak ds Martin Jansen van Rensburg by 015 781 6263

- **27 September tot 1 Oktober: Ondersteuningsraadkamp**  
Koste R750 per kind  
Kontak Suzanne van Deventer by [oraad@telkomsa.net](mailto:oraad@telkomsa.net), 012 325 2320 of 071 684 7789 om 'n kind te borg
- **15 November tot 17 Desember: Prof Malan Nel studietoer na VSA**  
Besoeke aan 21 gemeentes en 6 teologiese seminaria  
Skryf aan [m.mcnel@mwebbiz.co.za](mailto:m.mcnel@mwebbiz.co.za) vir meer inligting

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Primrose en Primrose-Oos: Saadjieprojek**  
Wil Bybels voorsien aan 4 laerskole (Oosterkruin, President, Sunnyridge en Primrose Primary)  
Kontak Antoinette Jacobs by 071 672 6794 met 'n **donasie** (kontant of Bybels)
- **Gemeente Paarl: Kerkbouprojek**  
Donaies van gemeentes welkom  
Rekening Ned Herv Kerk Paarl; ABSA; rekeningnommer 740 580 256; taknommer 335 010; verwysing naam van gemeente
- **Gemeente Philadelphia: Auto Pedigree Toer die Droom Fietstoer**  
Pretoria na Wes-Kaap  
Donaies welkom  
Rekening: NHK Philadelphia; ABSA (tjek); rekeningnommer 054 058 0065; takkode 63 20 05; verwysing **Droom**  
Faks bewys van betaling en kontakbesonderhede na 086 503 2855  
Om R30-donasie te maak, SMS die woord **dream** na 42220
- **Gemeente Losberg in Fochville: Jagpakket trekking 2 Julie**  
Vir diakonale dienswerk  
5 prys te wen vir slegs R50: blouwildebees, blesbok, lam, vark en 4 kg biltong  
Skakel 018 771 2617 om in te skryf
- **Gemeente Ottosdal: Afrikaanse sangkompetisie Saterdag 31 Julie**  
Aspirantsangers tussen 13 en 23 jaar, wen R3 000, R1 500 of R500  
Sluitingsdatum vir inskrywings **Vrydag 16 Julie**  
Navrae aan Adri Botha by 082 403 5051
- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid: Jagpakket sluit 16 Julie**  
Wen wild ter waarde van R6 000 en verblyf  
R50 inskrywingsgeld (inskrywingvorm by [info@nhksuid.co.za](mailto:info@nhksuid.co.za))  
Kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of [info@nhksuid.co.za](mailto:info@nhksuid.co.za)
- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie trekking 14 Augustus**  
R50 per kaartjie  
1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae  
2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae  
Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of [jagkompetisie@gmail.com](mailto:jagkompetisie@gmail.com)  
Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630
- **Gemeente Derdepoort: Vleis**  
Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk

Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar  
Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**  
Vervang geisers met sonkragtoestelle  
Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402
- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**  
Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed  
Sal dit kom haal!  
Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

## Basaars en markte

- **Saterdag 26 Junie: Gemeente Bloemhof basaar**  
Kontak Helen by 053 433 1222 of 079 377 5008
- **Saterdag 26 Junie: Ring van Noordelike Pretoria Joy X Fest**  
Om buitelandse besoekers aan ons kultuur en disse bekend te stel  
Tradisionele disse en drinkgoed, ou motors en masjiene, jagpakkette  
Kamp- en akkommodasieverskaffers, die CSO en ander  
Stories in Spaans, Duits, Engels en Frans op groot skerms  
Die aand tradisionele kampvuurkonsert  
Kontak Cathrina Cronje by 072 237 8601 of Phillip Bester by 082 333 3657 of [joyxfest@gmail.com](mailto:joyxfest@gmail.com)
- **Vrydag 2 Julie: Gemeente Losberg Biltongaand**  
Wilds- en beesbiltong, brode, konfyte, kaas en ander lekkernye  
Trekking van jagpakket  
Thys die Bosveldklong sing en behartig veiling van Bloubul- en Springbokmemorabilia  
Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089
- **Einde Julie: Bulawayo**  
15 gesinne  
Benodig goedere soos koekmeel, suiker en enigiets wat by 'n basaar verkoop kan word  
Moenie te groot wees om na Zimbabwe te vervoer nie  
Geldelike bydraes ook welkom  
Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 of [fanie@nhk.co.za](mailto:fanie@nhk.co.za)
- **Saterdag 31 Julie: Ring van Middelburg Groot 5-basar van Klein 5-gemeentes**  
Wors, wildsvleis, gebak, handwerk en soveel meer  
By Gemeente Middelburg, hv Bhimy Domane- en Lilian Ngoyistraat  
Kontak Elsa van Dyk by 013 243 3949, 082 700 2425 of [nhkmid@gmail.com](mailto:nhkmid@gmail.com), of Annelien Janse van Rensburg by 082 452 6042
- **Saterdag 4 September: Gemeente Ventersdorp basaar**  
Pretritte met veteraanmotors – geen inskrywingsfooi  
Kontak Mario Röscher by 083 566 4351

## ANDER NUUS

- Die **Agendakommissie** het op Dinsdag 15 Junie die agenda vir die 69ste AKV goedgekeur. Die finale proeflees en afrondingswerk word gedurende die week verrig voordat dit volgende week elektronies aan die drukkers gegee word. Die drukwerk moet volgens ooreenkoms teen die einde van Julie afgehandel wees,



Voorblad van die agenda



waarna die verspreiding van die agenda moet plaasvind. Ringskommissies word nou reeds versoek om met die verspreidingswerk te help. Enige predikant van 'n ring, veral dié wat ver van Pretoria af is en besoek in Pretoria aflê, word versoek om die gemeentes se agendas te kom afhaal vir verspreiding in die ring.

- Die **Ondersteuningsraad** bied weer vanjaar hul **kamp vir 70 tot 80 minderbevoorregte kinders** aan. Dit vind plaas van **27 September tot 1 Oktober**, en vanjaar is die tema *Oorwin jou reuse*. Die kinders is in pleegsorg, kinderhuise en plekke van veiligheid. **Die koste beloop R750 per kind** vir die hele kamp. Kontak Suzanne van Deventer by 012 325 2320, 071 684 7789 of [oraad@telkomsa.net](mailto:oraad@telkomsa.net) indien u wil help om 'n kind te borg.
- Die **DVD Ongebroke Harte** wat deur die ADV onder die bekwame leiding van dr Wilhelm Coetzer en sy span geïnisieer is, handel oor die moderne gesin wat gekwel word deur die soeke na aanvaarding en die gejaag na sukses. Dit kyk na tipiese en aktuele probleme waarmee gesinne mag worstel soos MIV/vigs, drank- en dwelmmisbruik en dissipline. Die DVD kan kontant aangekoop word by mev Susann van Zyl in die SENTIK-boekwinkel teen R80 per kopie of bestel word van mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x221 of [kinderhuis@nhk.co.za](mailto:kinderhuis@nhk.co.za). Die DVD kan onder andere gebruik word tydens Bybelstudies, gemeentekampe, huweliksverrykingskursusse en kinderleiding.
- **Huis Tafelberger** (Monumenttehuis van die NHSV) het 'n woonstel beskikbaar vir 'n **selfversorgende bejaarde** teen R1 500 per maand. Die tehuis is in Monte Vista, Kaapstad. Rig navrae aan Anna Hanekom by 021 872 6301.
- Hettie Roos van Gemeente Wonderfontein vra dat die volgende boodskap geplaas word: *Aan die AMOT-tehuis vir bejaardes in Parys: Graag wil die familie van Judy Lubbe baie dankie sê aan almal wat my moeder, ouma en grootouma versorg het. Baie dankie vir al die ekstra myle wat u met Mammie geloop het en dat u haar ook geestelik versorg het. Baie dankie aan ds Hoon van die NG Kerk wat haar gereeld besoek het.*
- Ons het 'n versoek ontvang om 'n persoon te identifiseer wat aan die einde van Augustus 'n kursus **oor liefdestale** tydens 'n **diakenskamp** kan aanbied. Kontak Engelie Botha by 082 332 7717.
- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Vrydag 18 Junie: Die Ondersteuningsraad se Finkom
  - Dinsdag 22 Junie: Koördineringskomitee

## ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za), of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjakrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing: e-Hervormer Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

# AGTERBLAD

## Lees in Konteks van Julie 2010

- Terugvoer oor die 5de ADV
- Ontmoet die nuwe voorsitter van die ADV
- Onderhou met dr Wilhelm Coetzer

## Lees in *Die Hervormer* van Julie 2010

- Op pad na die AKV
- Volkskerk – dit kan nie!
- Volkskerk toe en nou

